RUSSELL
ANDASSOCIATES

42 GLENHOVE RD MELROSE ESTATE PO BOX 1457 PARKLANDS 2121 JOHANNESBURG SOUTH AFRICA
TEL +27 (0) 11 880 3924 FAX +27 (0) 11 880 3788

Press Cuttings

Date : 30 March 2012

Publication : Beeld

Journalist : Dewald van Rensburg

PLATINUM

NOK belê R3,24 miljard in nuwe platinumgroep

Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) gaan R3,24 miljard belê in 'n nuwe platinummyngroep wat binne enkele jare 'n "groot nuwe mag" op die mynboutoneel sal wees. Dié belegging is, soos sy platinumskepping van 2004, Incwala Resources, weer in vennootskap met Pallinghurst Resources van die mynbou-entrepreneur mnr. Brian Gilbertson.

Die NOK wil ook later, deur die nuwe groep, die sektor as geheel transformeer deur 'n groot onafhanklike veredelaar van platinum-groepmetale (PGM) op te rig. Dit sal aan ander junior platinumprodusente 'n alternatief bied vir die smelters van Anglo American Platinum en Impala Platinum.

Dit is die staatsbeheerde ontwikkelingsfinansier se grootste enkele belegging in vyf jaar, het mnr. Geoff Qhena, uitvoerende hoof, gister gesê.

Die steeds naamlose platinummyngroep is basies Platmin – wat verlede jaar gedenoteer is – se Pilanesbergmyn wat met aangrensende mynregte gekonsolideer is. Pilanesberg gaan nou 'n veel groter, en besonder vlak, "mega-myn" word. Die groep het ook mynregte in die ooste van die Bosveldkompleks wat hy wil ontwikkel. 'n Notering op die JSE en op een buitelandse beurs word binne 'n jaar verwag.

Binne sewe jaar kan die groep 750 000 onse PGM'e per jaar by Pilanesberg en 400 000 onse in die ooste ontgin, het mnr. Arne Frandsen, uitvoerende hoof van Pallinghurst, gesê. Dit sal hom op drie na die grootste platinumgroep ter wêreld maak.

Die NOK sal 'n belang van 16% in die myngroep verkry asook aandeleregte waarmee hy vir 'n verdere R800 miljoen sy belang tot 20% kan opstoot. Pallinghurst sal 42% besit en die Bakgatla ba Kgafela-stamowerheid 27%. Ander beleggers is die staatsbeheerde APG van Nederland en Temasek van Singapoer.

Die stam het R1 miljard kontant en groot dele van die mineralebronne tot die vennootskap bygedra en Pallinghurst het tot nou sowat $1 miljard in die projek belê. "Die nuwe groep is uniek omdat hy nie 'n sent skuld het nie," het Frandsen gesê.

Ná die NOK-belegging het hy ook $500 miljoen kontant wat vir mynontwikkeling gebruik sal word. In gister se voorlegging is die NOK en die myngroep se voorneme om op groot skaal in veredeling te belê, uitgelig.

'n Nuwe hidrometallurgiese proses, die Kell-proses, word oorweeg. Dit word besit deur mnr. Keith Liddle, 'n direkteur van Platmin, en sal oor ses maande op monsters uit Pilanesberg getoets word, het Gilbertson gesê.

"Ons het nog nie op dié tegnologie besluit nie en ook nie kapitaalbesteding vir 'n aanleg goedgekeur nie." Werk dié proses, kan dit die sektor as geheel ingrypend verander omdat dit 'n fraksie van die krag van konvensionele smelters gebruik.

Die NOK het in 2004 $81,7 miljoen betaal vir 23,6% van Incwala, wat 'n belang in Lonmin se bedryfsbates in die land besit het en die voorloper in mynbou-bemagtigingstransaksies wou word. Incwala het gestagneer as Lonmin se SEB-vennoot en baie geld verloor. Dis in 2010 deur mnr. Cyril Ramaphosa se Shanduka Resources oorgeneem. – **Dewald van Rensburg**